SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

NASIONALE KANTOOR
NATIONAL OFFICE

t: 012 436 0900 / e: saou@saou.co.za / w: www.saou.co.za

Nasionale Nuusbrief / National Newsletter 32/2018

13/08/2018

SAOU State 2017/18

Skoon en ongekwalifiseerd

Meegaande hiermee die verkorte geouditeerde state van die SAOU vir 2017/18. Neem asb kennis van die volgende:

- Die state is soos in die verlede weereens skoon en ongekwalifiseerd.
- Die state is 'n opgesomde weergawe, maar indien lede die volledige state verlang, kan dit aangevra word by saou@saou.co.za .
- Dit is ook verblydend om te rapporteer dat al die geouditeerde state van al die regsentiteite wat deel vorm van die breër SAOU-Groep ook almal skoon en ongekwalifiseerd is.
- Klik hier vir die state.

SAOU Statements 2017/18

Clean and unqualified

Herewith attached the abridged version of the audited statements of the SAOU for 2017/18. Please note the following:

- The statements as in the past are clean and unqualified.
- The statements are an abridged version, but members can request the full statements at saou@saou.co.za.
- It can also be reported that the audited statements of all the juristic persons that form part of the broader SAOU Group, also received clean and unqualified audits.
- Click here for the statement.

ELKE SAOU-LID NEEM KENNIS:

GRATIS SAOU GESKENK
Maak jou keuse

Die SAOU versoek hiermee lede om 'n keuse te maak mbt die gratis SAOU geskenk vir 2019.

1. Wie moet die keuse uitoefen?
   Elke individuele SAOU-lid moet die keuse **slegs** op die elektroniese keusevorm aandui.
2. Waaruit bestaan die keuse?
   a. SAOU A5 notaboek (190 bladsye - gelinieër)
   b. SAOU lessenaarkalender (A2 – elke maand het afsonderlike bladsy)
   c. SAOU dagboek (A5 met bladsy vir elke dag)
   d. SAOU pennesakkie (330 x 110 mm)

   Nota: Kliek hier om
   i. Voorbeelde te besigtig en/of
   ii. Keuse uit te oefen
3. Wat gebeur as 'n lid nie 'n keuse uitoefen nie?
   Indien 'n lid nie 'n keuse uitoefen nie, sal die terugvalkeuse die SAOU pennesak wees.

EVERY SAOU MEMBER TAKE NOTE:

FREE SAOU GIFT
Exercise your choice

The SAOU herewith requests members to exercise a choice in regard to the free SAOU gift for 2019.

1. Who must exercise the choice?
   Every individual SAOU member must exercise a choice on the electronic form **only**.
2. What are the options?
   a. SAOU A5 note book (190 pages - ruled)
   b. SAOU desk calendar (A2 size – separate page for each month)
   c. SAOU diary (A5 size separate page for each day)
   d. SAOU pencil bag (330 x 110 mm)

   Note: Click here to
   i. See examples, and/or
   iii. Exercise option

3. What will happen if a choice is not exercised?
   If a choice is not exercised, the SAOU pencil bag will be the automatic default choice.

4. Teen watter datum moet die keuse uitgeoefen word?
   Vrydag 24 Augustus 2018 om 12:00
5. Waarheen kan navrae gerig word?
   U provinsiale SAOU-kantoor.
   Sien www.saou.co.za vir kontakbesonderhede.

NEEM KENNIS:

Wanneer die bestelling gemaak word sal u gevra word om te verifieer dat u nie 'n robot is nie. Dit is 'n standaardvereiste. U sal per kerende e-pos 'n e-pos met u keuse vanaf Google ontvang. Indien nie, kyk in SPAM.

4. By which date must the choice be exercised?
   Friday 24 August 2018 at 12:00
5. Where can enquiries be made?
   Your provincial SAOU office.
   See www.saou.co.za for contact details.

PLEASE NOTE:

When filling in your order form you will be asked to verify that you are not a robot. This is a standard requirement. You will receive a receipt email from Google with the choices you have made. If you do not receive it, please check for email in SPAM.

RAPPORT ONDERWYSFONDS

Die ROF aanlynstelsel is gefinaliseer en die aansoekproses het reeds begin! Die inligting sowel as die skakel na die aansoekvorm is op ROF se webwerf https://rof.org.za/ . Daar gaan ook spesifiek aandag gegee word aan die opdatering van die ander fasette van die webwerf.

40 studente het binne die eerste twee dae met hulle aansoek begin. Aansoekers wat probleme ervaar kan met die kantoor skakel. Die volgende vorms word onder andere van studente vereis:

- 'n Foto
- Afskrif van student en ouers/voog se ID's
- Kort CV
- Jongste puntestaat
- Bewys van inkomste van ouers /persoon wat die rekening sal betaal of sal borg.
- 'n Motiveringsbrief, maksimum 500 woorde, waarom jy onderwys as beroep kies en waarom jy aansoek doen om ROF se leningsbeurs.